NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

3 Desember 2024

VAN: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

AAN: Gemeentes
Kerkrade

**OMSENDSKRYWE 50/2024**

Geagte broers en susters,

## DIE IMPAK VAN BARMHARTIGHEIDSWERK IN EN DEUR DIE NHKA

Die negende ADV het in 2022 begin met ’n ondersoek na die impak van barmhartigheidswerk in en deur die NHKA. ’n Vraelys is uitgestuur en een van die resultate daarvan was die *Leef betekenisvol*-beweging wat die lig gesien het met ’n uiters suksesvolle webinar wat op 13 November 2024 gehou is.

Die ADV-Kommissie het besluit om, as volgende stap in die ondersoek, ’n tweede verkorte vraelys aan gemeentes uit te stuur. Aangeheg by hierdie skrywe is die vraelys in ’n invulbare PDF-formaat.

U kan die vraelys op enigeen van die volgende drie maniere voltooi:

1. Maak die aangehegte vraelys in *Acrobat* oop, vul dit in en stoor dit, waarna u dit kan stuur na elfrieda@nhk.co.za.

2. Druk die vraelys uit, vul dit in, skandeer dit en stuur dit dan na elfrieda@nhk.co.za.

3. Voltooi dit via *Google Forms*, deur die volgende skakel te volg: https://docs.google.com/forms/d/151x6DrETI9yBka6eZqMiND0rjawnIgFZRW3j8CFlrQA/edit?usp=sharing_eil&ts=66e18101

Ons wil graag die voltooide vraelyste teen 31 Januarie 2025 terug ontvang.

By voorbaat dank vir u deelname aan hierdie ondersoek.

Saam in diens

**Ds Gerhard Stoltz**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering***

082 872 5236
gerhard@nhk.co.za

***Ons dien, gehoorsaam aan God.***